CHILLI BITES

VRYSTAAT
SA
SPORT EN JAG FEDERASIE
SPORT AND HUNTING FEDERATION

2016:2

## VROUEJAG KAMPIOEN 2016

Tydens die pas afgelope nasionale Vrouejag kampioenskap van die SA Sport en Jag Federasie wat te Jacobsdal gehou is, is Hermien Bredenhann van die Vrystaat as vrouejag kampioen gekroon. Luzaan Koch het tweede geeÏndig.

Die deelnemers het baanbrekers werk voortgesit wat reeds in 2011 begin is deur die Limpopo Vrouespan van daardie jaar, wat bestaan het uit Mardi van der Gryp, Esti van der Gryp en Wilhelmien Brits. Hierdie vrouejagters het teen die res van die mans-spanne aan die S A Geweerjag (Bokjag) Kampioenskap te Marnitz aan 'n bosjag deelgeneem het en algeheel 3rde geeindig het.

Baie geluk Hermien!-

*Elke de Witt*



Vrystaat - Free State

SA Sport & Jag Federasie
SA Sport & Hunting Federation

**IN DIE VISIER**

Vrouejag
So jag ons lede
Jaggeweer Opedag
Werd om te weet
2016 Baanskiet span

**PROVINSIALE VOORSITTER**
Luzaan Koch
E-pos Adres: sasportjagfs@gmail.com
Sel nr:  083 453 9477

**MEDIABEAMPTE**
Elke De Witt
E-pos Adres: elked7@gmail.com
Sel nr: 083 561 6517

Web-adres:
Www.sasportjag.com






# Hermien se 'oes' by kampioenskap







Luzaan Koch en die Rooibok wat sy tydens die nasionale Vrouejag kampioenskap geskiet het



Tydens die nasionale Vrouejag kampioenskap is die eerste Interprovinsiale Vrouejag met groot sukses aangebied. Deelnemers was van Gauteng, Mpumalanga Hoëveld, Noordwes en Limpopo.

# SO JAG ONS LEDE

Die 2016 jagseisoen het heelwat van die lede op die jagveld gehad en hier is 'n paar fotos van die manne, dames, bokke en selfs 'n paar kinders het 'n bok of twee platgetrek. Klubjagte is sover aangebied by Petrusburg, Winburg, Hoopstad, Trompsburg en Brandfort en Zastron.



Juan Bredenhann (6), (Vrystaat) Blesbokooi 60m, 308 150gr Nosler Ballistic tip, Petrusburg. Die blesbok is die outjie se eerste bok.



Johan Martin (Vrystaat), Blesbokooi, 208m, 300 Remington, 150gr, Petrusburg .



Warren Janse van Rensburg, Kudubul, Kalaharijag tussen Griekwastad en Groblershoop, 30-06 PMP 168gr 200m,



Fires Janse van Rensburg, Gemsbok 243, 87gr Hornady V-Max 148m Hoopstad, kopskoot.



harles Pretorius, Gemsbok.



Hannes Botha ( Vrystaat), Glen, Elandbul, 220m, 270 Win Bruno, PMP 150gr. Johan Botha (seun) het hom vergesel




Tewie Wessels (Vrystaat), Waterbokbul 178m, Hoopstad, 243 kaliber 28 duim horings



AJ Visser (18) op di e plaas Witfontein Petrusburg met 243.



Tiaan Koch (9) , Rooibok, 243, 87 V-Max punte, met pa, Morné en oupa  Fanie gejag op



Hermien Bredenhann, Rooibokram, 110m 223 Ruger, 55gr Nosler Ballistic



Hennie Bredenhann, Vrystaat, Winburg, Rooibokram, 165m 308 150gr Nosler Ballistic



Christiaan Kruger (14), Besjesbult, Reddersburg, Blesbokram, 180m, 308 Mauser, 155gr PMP punte



Elke De Witt , Petrusburg, Blesbokram, 177m 100gr Hornady 243 WIN



Beanke (12) du Toit (Vrystaat) met haar eerste bok. Springbok, 243, 160m plaas Slangfontein,Jagersfontein



CJ Oertel (10), Bergskaap, Douglas 270, 100m met nekskoot.



Maureen van Tonder , .222 J.G. Anchutz, Rooibok







## BAIE KOUE KLUBJAG IN JULIE

Die einde van Julie sien die van der Walts en Bredenhann-gesinne bakkie pak en 'n klubjag doen op Zastron. Seker op die koudste naweek van die jaar!!

Hermien: Blesbokooi, 165m . 270 kopskoot,

Johan vd Walt Snr, .223 Swartwildebeestkoei, 110m

Hennie Bredenhann: Takbokooi, 175m, .308 kopskoot.






Vlnr: Euan Vosloo (2de), Willem Botha (1ste), Cois Maartens (5de), Willie van Zyl (6de), Gerhard Ferreira(3rde) en Petrus Steynberg (4de).

# SKIETVERNUF BEPROEF

Skietvernuf is tydens die Vrystaatse Ope Jaggeweer Skietdag behoorlik beproef wat deur die SA Sport en Jag Federasie: Vrystaattak in samewerking met Central Firearms Bloemfontein te BMSSK-baan buite Bloemfontein aangebied is. 102 skuts van Bloemfontein en omliggende dorpe is die taak gestel om na 'n bokteiken (rooibok, springbok, blesbok en jakkals) te skiet op dooierus wat op 200m geplaas is.

Willem Botha, eienaar van Die Skietwinkel in Bainsvlei en kranige skut het met die louere weggestap deur die hoogste telling vir die dag aan te teken. "Die kompetisie was straf en die geleentheid is uitstekend georganiseer. Vir 102 skuts om saam te trek vanuit Bloemfontein om aan so 'n dag deel te neem is uitstekend. Ek was baie beindrduk met die hoë standard van baanveiligheid wat toegepas is. In my gesprekke met die ander deelnemers kon ek aflei dat almal dit eens was dat die kompetisie uitdagend was. Om na die teikens op dooie rus te skiet klink maklik, maar is nie so maklik nie. Die skut kan wel die bokkoppe op die teiken raakskiet maar om die regte skoot op die area wat die hoogste telling gehad te plaas het was moeilik. Ek sal beslis weer deelneem." het Willem gesê. Die wenner het weggestap met 'n CZ.243 550 jaggeweer geborg deur Central Firearms Bloemfontein, 'n geweersak en vuurwapenlisensieaansoek pakket geborg deur Legally Armed.

Die tweede plek is ingeneem deur Euan Vosloo van Bloemfontein en hy wen 'n 9000-BTU lugversorger geborg deur HI-TeCH Engineering en Gerhard Ferreira ook van Bloemfontein derde. Prysgeld ter waarde van R32000-00 is toegeken.

"Ons sien uit daarna om meer uitdagings aan die skuts van Bloemfontein en omgewing te stel en sal in die toekoms verdere geleenthede skep waar skuts van alle ouderdomme kan deel. Sonder die wonderlike ondersteuning van die borge, Central Firearms Bloemfontein, HI-TeCH Engineering, Legally Armed, Bloem Marble and Granite, DnJ Vleismark, Mayfair Gearbox, en FS Ultimate Silencers sou die dag beslis nie so 'n sukses wees nie."sê Luzaan Koch, Voorsitter. SA Sport en Jag Federasie Vrystaat.

-Elke De Witt-




Willem Botha, wenner van die jaarlikse Jaggeweer Ope Skietdag, aangebied deur die SA Sport en Jag Federasie Vrystaat in samewerking met Central Firearms Bloemfontein, ontvang sy eerste prys, 'n CZ .243 500 jaggeweer van Fanie Nel (eienaar Central Firearms Bloemfontein) en Luzaan Koch, Voorsittter SA Sport en Jag Federasie Vrystaat. Die geweersak en lisensieaansoek is geborg deur Legally Armed










# WERD OM TE WEET

Die volgende items is ter inligting van alle lede;

- **Oog– en oorbeskerming** is verpligtend op beide die klein– en grootbane by die Bloemfonteinse Skietsentrum.
- Bestellings vir die **nasionale sweetpak** is oop. Lede het 'n e-pos hieroor ontvang. Kostes is R320 vir volwassenes en R280 vir kinders.  Kontak elked7@gmail.com vir 'n bestelvorm.
- Die **nasionale jaareind funksie** vind plaas op 22 Oktober 2016 te Kameeldrift, Gauteng.
- Die **Vrystaatse jaareind funksie** en prysuitdeling vind plaas op 8 Oktober 2016 te die lapa van die Vrystaatse Nasorgsentrum.
- Hou gerus die e-pos boodskappe dop vir die **vakante poste** wat op die Vrystaatbestuur beskikbaar gaan wees vir 2017.
- Die **nuwe kompetisiejaar** begin 1 September 2016.

- ♦ Die **jagseisoen eindig** einde November 2016
- ♦ SASJF is vanjaar 25 jaar oud.
- ♦ SASJ Vrystaat se e-pos adres is sportjagfs@gmail.com

# NASIONALE BAANSKIET SPAN 2016

Die volgende skuts gaan die Vrystaat op 12 en 13 Augustus by die nasionale Baanskiet kampioenskap in Barberton verteenwoordig:

Markus Bezuidenhout
Marko Bezuidenhout
Morne Bezuidenhout
Johann Botha
JP Botha
Johan Botha FS0212
Hennie Bredenhann
Hermien Bredenhann
Dwight Butler
Elke de Witt
Janco de Witt
Simone de Witt
Jaco de Jonge
Ilzene Douglas
MJ Douglas
Beanke du Toit
Suze du Toit
Roelene Groenewald
Christo Groenewald
Luzaan Koch
Tiaan Koch
AJ Kruger
Frans Lubbe
Diaan Myburgh
CJ Oertel
Anthony Orrock
Andre van der Merwe
Allie van der Walt
Johan van der Walt
Johan van der Walt Jnr
Johanette van der Walt
Juane van der Walt
Marne van der Walt
Maureen van Tonder
AJ Visser

Span Kaptein Morne Koch/
Nasionale Jurie lid

Werkers by Nasionaal:

Mandie Bezuidenhout
Hannes Botha
Johan Esterhuizen

**Baie sterkte aan al die skuts en voorspoed met die kompetisie!**
**Vrystaatbestuur.**

